Ons Joernaal

Hier gaan ons ‘n weeklikse dagboek hou van ons pampoen. Raad om dié kampioen Pampoen te groei.

Dagsê, dit is nie ons die nie, dit is net ons foto. Hardus, Loïs, Renier en Marleen.

Hier is ons vorige inskrywing. Dit was Aspoestertjie se pampoen, met akkedisse, muise en die glasskoen.

Hardus werk die kraalmis met ‘n kapploeg in.

Wat benodig jy om deel te neem!

1) Skryf in: R50 by Cullinan DLU. (012) 734 1102. Vier goliat pitte en ‘n bladsy vol nuttige wenke.
2) ‘n Stuk grond om jou pitte in te plant. So 6m by 6m is groot genoeg, maar pampoene is al in woonstelle gegroei. Jy kan selfs die pampoen in ‘n pot plant! Onthou die blare en ranke van die plant is nodig om voedingstowwe aan die pampoen te voorsien. Die pampoen moet ook in vol son geplant word.
3) Bemesting. Lekker kraalmis of kompos om in die grond in te werk. As jy nie self op ‘n plaas of hoewe woon nie kan jy by ‘n kwekery kompos koop.

Volgende week plant ons vir goliat.

Soos wat ons die pampoen water gee om vrugte te dra, moet ‘n Christen die woord van God oordink om vrugte te dra.

Ps 1:3 **En hy sal wees soos ‘n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.**